’n Kaasstorie

Naam:

Lees die storie en vul punte, vraagtekens, kommas en uitroeptekens in waar nodig.

manie muis woon op ’n melkplaas met baie melkkoeie in die dag wei die koeie op die grasveld en hulle slaap elke aand in die warm skuur elke oggend kyk manie muis hoe mnr macdonald die boer emmers vol vars romerige melk by die huis in dra

manie muis is opgewonde vandag gaan mev macdonald kaas maak manie muis is mal oor kaas want dit is so lekker en romerig mev macdonald sit altyd die oorskietstukkies op die vensterbank vir hom om te eet en daar is altyd genoeg vir hulle albei om te eet

mev macdonald is baie slim sy maak ook jogurt suurmelk maaskaas en ander suiwelprodukte van die melk wat hulle by die melkkoeie kry hulle ly nooit ooit honger nie

© e-classroom 2015

Pick n Pay